# VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR
# NG KOPPIES-WELTEVREDE

**1. GEMEENTEPROFIEL:** Die NG Gemeente Koppies-Weltevrede is een van twee gemeentes wat die boerderygemeenskap van Koppies bedien. Daar is ongeveer 190 belydende- en 52 dooplidmate en bestaan uit ses plaaswyke en drie dorpswyke. Koppies is 65 km noord van Kroonstad geleë. Die gemeente is daarop ingestel om die wil van God te soek en lê baie klem op gebed. Daar word ook baie moeite gedoen om die Woord buite gemeentegrense uit te dra deur middel van CD- en DVD-verkope en die elektroniese media te benut. Die gemeente hou ook ‘n jaarlikse Paaskonferensie. Daar is ook ‘n sterk sendingbediening wat plaaslik en na buite opereer. Hoewel die meeste kinders in naburige dorpe skoolgaan, is die geestelike versorging van ons kinders baie belangrik.

**2. LERAARSPROFIEL:**

- Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat bereid is om die koninkryk van God bo alles te stel.
- Skrifgetroue en behoudende Woordverkondiging is ononderhandelbaar.
- Iemand wat baie tyd met God deurbring en fokus op die leiding van die Heilige Gees.
- ‘n Passie vir herlewing en die bekering van ongelowiges.
- Aktief betrokke by die geestelike versorging van die gemeente, maar dit ook geniet om net lekker te kuier.
- Bereidheid om ‘n pad met die jongmense van die gemeente te stap.

**3. AARD VAN DIE POS:**

- ‘n Voltydse leraarspos met pligte soos in Art 9 van die Kerkorde.
- Vergoeding volgens sinodale riglyne.
- ‘n Pastorie word voorsien.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n preekbeurt en ‘n onderhoud indien nodig.

**4. SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:** **Sondag 8 Maart 2020**

**5. AANSOEKE:** Rig u aansoek en CV (met drie verwysings) per e-pos aan ngweltevrede@carfone.net
Vir enige navrae, kontak vir Linda Beukes in die kerkkantoor (Ma-Vr 08:00 tot 12:00) by 064 783 2948, of vir ds Braam van Zyl (konsulent) by 082 821 6677, of Frans Jooste by 082 922 6420.

***Die kerkraad behou die reg om geen aanstelling uit die aansoekers te maak nie.***